




### MY KIND SUKKEL, is NABYPUNTSPANNING dalk die oorsaak?

Prof. Jannie Ferreira

Dis lente en die bottende bome en helder blommekleure tel sommer 'n mens se gemoed op. Vir heelwat kinders en hulle ouers is dit egter ook die tyd van die jaar wat hulle met 'n swaar gemoed sit omdat dit ook die tyd is wat hulle in kennis gestel word van skoolwerk wat nie op standaard is nie. Hulle loop dus met 'n swaard oor hulle koppe dat hulle dalk die graad sal moet herhaal of selfs na 'n remediërende klas of -skool oorgeplaas gaan word. Baie keer gaan dit ook gepaard met 'n etiketering van die kind - so asof die kind se selfbeeld nie al genoeg afgetakel is deur haar/sy gesukkel nie.



Die populêre keuse is dan om 'n etiket soos aandagafleibaar of disleksia om die kind se nek te hang en hom/haar op medikasie te plaas. Groot is die teleurstelling as dit nie regtig die gewenste uitwerking het nie, behalwe dat die kind meer "hanteerbaar" is. My hart krimp ineen as hierdie kinders [en hulle ouers] by my opdaag en ek opmerk hoe totaal verwese en sonder enige selfvertroue hulle is. Dit is ook baie duidelik dat dit 'n groot impak op die hele gesin het. Die dogters presenteer ook met angstigheid en al hoe meer van hulle kry die etiket van angstigheidsindroom en kry dus medikasie daarvoor. Die seuns vertoon weer totaal belangeloos en kry dan ook meestal die aandagafleibaarheidsetiket en -medikasie. Gaan kyk gerus na die Mind Moves® Instituut ([www.mindmoves.co.za](http://www.mindmoves.co.za)) se huisie-brein teorie - veral die oorlewings- en die emosionele brein, en dan sal dit sin maak.

Ek wil my verstout om te sê dat dit die gelukkiges onder hulle is wat by 'n Gevorderde Mind Moves Instrukteur opdaag, en daar deur haar spesifieke manier van assessering na die oorsaak van die probleem gesoek kan word. (*Terloops ek verkies om te praat van 'n frustrasie eerder as 'n probleem want as jy die oorsaak aangespreek het, verdwyn die probleem baie keer soos mis voor die son.*) Vanuit my ondervinding met kinders wat deur Mind Moves Instrukteurs na my verwys word, weet ek nou al dat 'n kind se Mind Dynamix® breinprofiel in meeste van die gevalle die antwoord vir die kind se leerfrustrasie verskaf. So weet ons dat kinders met 'n dominante linkeroog in ons kultuur feitlik 'n 100% kans het om leer- en

leesfrustrasies te ervaar. Navorsing wys dat 4 uit 10 mense 'n linkerdominante oog het. Dit is daarom geen wonder dat daar deesdae soveel kinders is wat leer- en leesfrustrasies ervaar nie. Die verskil met vandag se generasie van kinders en ouers is doodgewoon die groter druk en gepaardgaande groter volume werk waaraan die kinders blootgestel word. Die kinders dra ook self daartoe by deur buite die skoolomgewing ure lank op selfone en tablette deur te bring. Tot my skok sien ek nou die dag dat 'n mens nou selfs 'n draagbare babawiegie kry kompleet met 'n draagklamp vir 'n tablet.



Nou weet julle ook inderdaad dat wanneer die sisteem onder druk is, gaan die dominante dele domineer en as dit die linkeroog is, het ons frustrasies. Gelukkig weet die Mind Movers hoe om die kinders te help om hierdie frustrasie te hanteer. Mag ek net meld dat kinders wat regteroog dominant is ook frustrasies kan ervaar, maar in 'n beter posisie is om dit te hanteer. Sommige mag steeds visuele ondersteuning vereis.

Dit bring my by die visuele sisteem. Volg hierdie twee skakels en kyk gerus eers na die meegaande videos, wat met goedkeuring van kind en ouers geneem is: [Reading before visual support](#) & [Reading after visual support](#). Die twee videos is binne 20 minute van mekaar geneem en die verskil is opvallend. Die logiese vraag is seker: hoe is dit moontlik? Wel die antwoord het doodgewoon te make met wat ons noem **nabypuntspanning**. Effektiewe leer, lees en selfs skryf het te make met 'n visuele sisteem wat vry van oormatige spanning kan funksioneer. As ons dus die spanning kan beheer, kan die oë gemaklik saamwerk en verval die negatiewe effek van die linker dominante oog. Dit is inderdaad wat ons met die bril vermag. Die oë bly gemaklik bymekaar en kan gemaklik fokus en gevvolglik kan hulle nou gemaklik oor die bladsy beweeg wanneer ons lees. Let dus op dat die kind se kop dadelik minder beweeg en self die tempo en ritme van lees is dadelik beter. Selfs die hande en voete is ook stil [sonder Ritalin].



My grootste beloning is wanneer die kinders vir 'n opvolgbesoek terugkom en daar 'n opvallende verskil in hulle gedrag is. Skielik het hulle selfvertroue en ja, hulle skoolwerk is ook dramaties beter. En ja, hulle kan saam met die res van ons jubel oor die Lente.

#### **Prof. Jannie Ferreira**

Voltydse Optometrie praktyk wat veral spesialiseer in kinders met leer- en leesfrustrasies.

Kontakdetails: 011 6572638 | [jannieferreira466@gmail.com](mailto:jannieferreira466@gmail.com) of [optivision@telkomsa.net](mailto:optivision@telkomsa.net)